Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

*IAFRHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | | (50 punte) |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (2 x 25) | (50 punte) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 350 tot 400 woorde. Skryf die vraagnommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 **Toe wéét ek, hier kom ŉ ding!** **[50]**

1.2 Afspraak in die park **[50]**

1.3 *Net in Suid-Afrika ...* **[50]**

1.4 Die mens is die taal wat hy praat. **[50]**

1.5 # genoeg is genoeg **[50]**


1.6 Bestudeer die prente hieronder en skryf ŉ OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die vraagnommer (1.6.1, 1.6.2 OF 1.6.3) en jou eie titel neer.

1.6.1




[Bron:https://www.inc.com] **[50]**

1.6.2




[Bron: http://4 bp blogspot.com] **[50]**

1.6.3



[Bron: VectorStock.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180 tot 200 woorde oor elk.
Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

### 2.1 INFORMELE BRIEF: VRIENDSKAPLIKE BRIEF

*Ons is woedender as ooit tevore. Suid-Afrikaners ly trouens aan kollektiewe woede, sê Marlaine Pienaar-Vice, 'n sielkundige van die Paarl.*

[Bron: Vrouekeur, 24 Januarie 2020]

Jy was die afgelope tyd baie bekommerd oor 'n familielid van jou wat gereeld woedend raak oor klein dingetjies.


Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan hierdie familielid waarin jy jou bekommernis oor sy/haar optrede uitspreek en gee voorstelle en wenke hoe hierdie persoon moontlike probleemsituasies kan hanteer. **[25]**

### 2.2 FORMELE BRIEF AAN DIE PERS

Suid-Afrika is 'n land met min water, maar mense mors water en herwinning van water is nie 'n prioriteit nie.

Skryf 'n BRIEF AAN DIE PERS waarin jy jou mening lug oor die feit dat Suid-Afrikaners baie meer aandag sal moet gee aan die herwinning van water. **[25]**


### 2.3 HULDEBLYK




*Adam Small is 'n baie bekende Suid-Afrikaanse skrywer en digter wat diep spore in Suid-Afrika se letterkunde getrap het. Hy het onder andere die matrieks se voorgeskrewe drama, Krismis van Map Jacobs, geskryf. Hy is op 21 Desember 1936 in Wellington, Wes-Kaap gebore en is dood op 25 Junie 2016 in Kaapstad. Sy vrou, Rosalie Small, was vir hom 'n inspirasie en steunpilaar. Hy het aan die universiteit van Kaapstad studeer.*

Skryf 'n HULDEBLYK oor hierdie bekende skrywer. Dit gaan by julle skool se toneelaand gelees word voordat julle sy drama, *Krismis van Map Jacobs,* opvoer. **[25]**

2.4 **TYDSKRIFARTIKEL**




[Netwerk24.com]

Skryf ŉ TYDSKRIFARTIKEL vir ŉ tienertydskrif met die opskrif: **Dit laat tieners uitrafel!** **[25]**

2.5 **DIALOOG**

Jy staan in ŉ lang ry by ŉ winkelsentrum. Jy knoop ŉ gesprek met die persoon voor jou in die ry aan. Die gesprek neem ŉ onverwagse wending.

Skryf die DIALOOG tussen jou en hierdie persoon. **[25]**

2.6 **ONDERHOUD**

Jy het onlangs julle plaaslike hospitaal besoek as deel van ŉ skoolprojek. Jy was besonder beïndruk met een van die verpleegsters wat ten spyte van moeilike werksomstandighede, altyd positief en vrolik was.

Voer 'n ONDERHOUD met hierdie verpleegster sodat jy dit in julle skoolkoerant kan plaas. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**